VERJAARSDAE 3 AUGUSTUS TOT 9 AUGUSTUS 2008

08/04	HENDRIK	VAN ZYL	REESTLAND WS 6	06Ac (Blok 1)
08/04	BERNICE	STRYDOM	SMUTSLN 208	08Aa (Blok 2)
08/04	INA	KÜHN	LANGEBRINKWEG 47B	15Ab (Blok 3)
08/05	MARIETJIE	BELLINGAN	HANS STRIJDOMLN 101	13Aa (Blok 3)
08/06	MILES	PRETORIUS	VAN RIEBEECKLN 30	23Ab (Blok 4)
08/07	NELMARIE	OLIVIER	FLEURPARK WS 3	06Aa (Blok 1)
08/08	BILL	OOSTHUIZEN	CANTONMENTSWEG 22	15Aa (Blok 3)
08/08	CLARENCE	HEWSON	GLOVERLN 196	26Aa (Blok 4)
08/09	LEONA	SWANEPOEL	VAN RIEBEECKLN 193A	10Aa (Blok 2)
08/09	GROVÉ	BADENHORST	VAN RIEBEECKLN 285	03Ac (Blok 1)
08/09	TOMMIE	SMIT	DEODARSTR 155	26Aa (Blok 4)

BOOMSLOPING EN SNOEI VAN BOME EN STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 656 4992

KOEKVERKOPING
30 AUGUSTUS 2008
Irene Vlooimark

Die CMR sal dit opreg waardeer as ons gemeente hulle weereens kan ondersteun met die koekverkoping. Hulle maak staat op ons hulp. Die verkopings is werklik ‘n groot sukses en hulle waardeer ons gemeente se bydrae, gebak of finansieel, baie.

Hulle benodig weer:

Tien (10) gebak soos byvoorbeeld koeke; kolwyntjies; terte; beskuit; klein koekies; piesang-; dadel-; of gemmerbrode ensovoorts. Merk asseblief watter soort/geur die gebak is. (Koekhouers sal deur CMR verskaf word.)

Dit sal waardeer word indien ons op Donderdag, 28 Augustus 2008 kan weet indien daar gebak voorsien kan word sodat gereël kan word wanneer en waar dit afgehaal kan word.

Septembermaand is dit Lyttelton-Oos se beurt om kospakkies te skenk — meer hieroor later.

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 3 Augustus 2008

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 3 AUGUSTUS
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Johan Smit
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens: Jacques Erasmus
18:45 Kategese / Kuier
19:30 Speel / Kuier

DINSDAG 5 AUGUSTUS
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 6 AUGUSTUS
17:00 Biduur

DONDERDAG, 7 AUGUSTUS
GEMEENTEVERJAARSDAG

VRYDAG, 8 AUGUSTUS
Verjaarsdag-ete
(Kyk bladsy 2)

SATERDAG, 9 AUGUSTUS
Nasionale Vrouedag

SONDAG, 10 AUGUSTUS
09:00 **NAGMAAL**: Ds Freddie Schoeman
09:00 Kinderedienste
10:15 Verjaarsdagfunksie in gemeentesentrum
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Kuier
19:30 Speel / Kuier

DINSDAG, 11 AUGUSTUS
19:00 Droomspanbyeenkoms

WOENSDAG, 13 AUGUSTUS
17:00 Biduur

DONDERDAG, 14 AUGUSTUS
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Ouderlinge vergadering

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Ds en Mev Kobus Keyter, Pretoriusln 269 met ds Kobus wat volgende week op-geneem word vir operasie Dinsdag.
2. Jannie en Yvonne Loots Cantonments-weg 23/Shepstoneweg 99 met die trauma wat hulle tans beleef. (Blok 2/4).
3. Heinz en Vasthi Meissner, Van Rie-beecklaan 189a, met Heinz wat tuis aan-sterk na ‘n omleidings-operasie (Blok 2).
4. Kobus en Elize Badenhorst, Van Rie-beeckln 285 met Kobus se broer Johan wat nog ernstig siek is (Blok 1).
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 (664-1568) van wie beide niere verwyder is en wag op ‘n nieroorplanting (Blok 2).

PREEKBEURTE AUGUSTUS

Sondag, 10: Ds Freddie Schoeman
Sondag, 17:
Sondag, 24: Ds Kobus de Lange
Sondag, 31: Ds Odie Odendaal
(Viering van Bybel in Afrikaans 75 jaar).

LET WEL: Nagmaal verskuif van 17 Augustus na 10 Augustus.

Kaartjies vir verjaarsdag gemeente-ete sal by die tee beskikbaar wees.
(Spyskaart en pryse op bl 2)

LYTTELTON-OOS 50 JAAR!

Ons vier die naweek van 8-10 Augustus 2008 die gemeente se 50-jarige bestaan.

8 Augustus 2008:
Gemeente-ete (18:00 vir 18:30 in gemeentesentrum)
Volwassenes: R50 / Kinders onder 7 jaar: R25
Feesbundel amptelik bekendgestel

10 Augustus 2008:
Nagmaal (*nie* 17 Augustus)
(Nooi oud-lidmate)
Feeskanselkleed word onthul
Dankseggingsdiens vir 50 jaar van genade

Nooi assblief oud-lidmate om saam met ons die nagmaal te vier en daarna 'n koppie tee met 'n "eetdingetjie" te geniet en heerlik saam te kuier!

DIE GEMEENTE WORD NET EENMAAL 50 JAAR OUD!!

SPYSKAART : GEMEENTE-ETE

Sjerrie
Vrugtesap op die tafels
Voorgereg : Viskelkie
Oondgebakte Biefstuk
Appelkoos-hoendergereg
Wit basmati rys
Pampoenrol
Room-pepersous-groenboontjiegereg
Uitpakslaai
Appelpoeding met vla
Koffie of Tee

BRING ASSEBLIEF U EIE WYN SAAM

PARKNAVAL : KOEKTAFEL

Die koektafel se dames vra graag bestanddele vir die Parknaval se koektafel.

Ons benodig die volgende:

Koekmeel; Margarien (**Stork** asseblief);
Eiers;
Olie;
Suiker;
Versiersuiker;
Karamel kondensmelk;
"Crushed" pynappel (blikkies)

En **BAIE HANDE** om te help met bak van koeke, terte, piesangbrode, dadelbrode, ensovoorts. Vele hande maak ligte werk!

As u bereid is om te help bak, skakel:

Alet Venter:	012 664 3282/073 354 4947
Ria Briedenhann:	012 644 0663/084 685 0810
Tina Janssen:	012 664 0426

U kan bydraes afgee by die koektafel Sondae.

DIE PARKNAVAL IS STADIGAAN BESIG OM NADER TE KRUIP EN ONS HET NOG *BAIE HULP EN BAIE BESTELLINGS NODIG!!*

PLANTE, BLOMME EN BOEKE

Hermann Meier vra dat lidmate asseblief vir hom plante en blomme asook boeke moet bymekaar maak vir die Parknaval. As u hom kan help, skakel 664-4790. Dit sal ook goed wees as u vir hom 'n aanduiding kan gee van watter plante en blomme u bereid is om te skenk.

PERSONE WAT BELANGSTEL OM BY DIE PARKNAVALSTALLETJIES BETROKKE TE WEES, SKAKEL KOBUS BADENHORST (664-5338 OF 083 235 1084)

Izak Davel

(Scab van Egoli)

Optrede by Laerskool Fleur op

22 Augustus 2008

Kaartjies @ R60

Nou in die skoolkantoor beskikbaar

Gaan luister gerus op die internet

hoe klink hierdie belowende sanger

Kontak: (012) 664 5796/7

OF 083 243 6999

KEN U IEMAND WAT HIERDIE KIND KAN HELP?

René Degenaar is 'n graad 7 leerling by Laerskool Constantiapark en benodig baie dringend plaatjieskenkers van die bloedgroep, B-Negatief.

René se plaatjietelling is tans 1 en daar is landswyd geen plaatjies vir haar beskikbaar nie. Sy is 'n hoë risiko pasiënt en kry baie swaar. Haar ouers se finansies is uitgeput as gevolg van elke week se opname in die hospitaal. Sy bly egter ‘n vegter en gaan so gereeld as wat sy kan skool toe.

Persone wat plaatjies wil skenk word eers getoets (sy benodig dringend, weeklikse skenkers). Indien daar iemand is wat graag wil help, skakel Bloedbank - Queenswood 012 333 9949. Verwysing - René Degenaar.

Sal u asseblief ook vir u vriende van René vertel.

Kom ons dra hierdie gesin aan die Here op sodat Sy genade hierdie gesin kan omvou.

50

jaar van guns en voorspoed het U aan
ons toegesê,
daarvoor al ons dank en ere
aan U voete neergelê
Veel moes deur die jare swig
selfs tradisies weeg te lig ...
Maar U liefde en U trou
het oor U gemeente wag gehou.

Al ons lof en al ons eer
Bring ons nou na U, oor Heer.

En wat die toekoms in mag hou
Op U, ons Rots bly ons vertrou.

(Gedig deur Alet Venter)

WAARDERING

Hiermee ons diepste aan almal in die gemeente wat in die afgelope twee weke ons gekontak het, of besoek het, of andersins aan ons in hul gebede gedink het. Ds Freddie praat altyd van Lyttelton-Oos as 'n "Omgeegemeente"; daarvan kan ons nou eerstehands getuig! Die genade en bystand van onse Here en Meester was heeltyd met ons en die herstel is wonderbaarlik – dit is eintlik ongelooflik! Nogmaals baie dankie.

Vriendelike groete en seënwense

Heinz en Vasthi Meissner.

HARTLIK GELUK ...

Ons hartlike gelukwense aan Oupa Wally en Ouma Tina Haywood met die aankoms van hul eerste kleinseun.

Aan Pappa Theo en Mamma Celeste, mag julle baie vreugde van hierdie kleinding ervaar.

GEVRA .... GROOT ASSEBLIEF!!

Die dames se kleedkamer vra of daar nie iemand is wat 'n mooi nuwe asblik met deksel wil skenk nie!? Die kleurskema is donkerblou.

By voorbaat, baie dankie.

Tree in verbinding met Antoinette van Rensburg (083 533 0812)
of Max Amsenga (664-3629)

bybelgenootskap van suid-afrika

Die Bybel in Afrikaans—75 Jaar!

Ons vier op 31 Augustus die 75 jarige bestaan van die Bybel in Afrikaans. As u oor uitstalmateriaal beskik (ou Bybels ens.) laat ons weet.
Skakel Jaco van As 012-6642149

NG GEMEENTE DOORNKLOOF

Aansoeke ter vulling van die ondergemelde pos op 1 September 2008, of so spoedig moontlik daarna, word ingewag. Hierdie is 'n halfdag pos Maandae tot Vrydae. Verdere besonderhede is soos volg:

ONTVANGSDAME/SEKRETARESSE

Salaris: Pakket van R3800 per maand plus dertiende tjek.

Vereistes:

(a) Opgeleide tikster met toepaslike kennis van woordverwerkingspakkette en power point.

(b) Ondervinding van kerkkkantooradministrasie en skakelwerk.

(c) Goeie menseverhoudinge en sekretariële ondervinding.

Navrae: Mnr TAR Schoch, tel no (012) 667-4142 (na 17:00)

Rig aansoeke, vergesel van verwysings en 'n volledige CV aan: Die Personeel-beampte, NG Kerk Doornkloof, Posbus 15506, Lyttelton. 0140. Aansoeke kan ook per E-pos gestuur word na danita.marcus@ngdoornkloof.org.za of afgelewer word by die Kerkkantoor, Leoniestraat 143, Doringkloof, Centurion.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 6 Augustus 2008.

HET U GEWEET? ...

Die **"HOSPICE"** op die hoek van Cliftonlaan en Northstraat bied ontbyt teen R20.00/R25.00 per persoon aan. Hulle bied ook middagetes aan teen R25.00 per persoon.

Vir middagetes bied hulle Maandae tot Woensdae "Boerekos" aan; Donderdae Vis en Vrydae is dit Verrassing! (hulle besluit wat beskikbaar sal wees).

Al vereiste is dat 'n bespreking verlang word vir groter groepe. Hulle bied ook vir dames/mans wat daar wil kuier 'n ligte oggendtee aan. U moet net vooraf skakel om te reël.

Daar is 'n tweedehandse winkel met allerhande interessanthede!

Dit is werklik die moeite werd om hier in ons gemeenskap ondersteuning te bied aan 'n instansie soos die "HOSPICE" wat 'n gemeenskapsdiens verrig en afhanklik is van fondse wat hulle self moet bekom.

Dit is ongelooflik hoe rustig die atmosfeer daar is!

Skakel Estelle by 083 3306 013.